



LAERSKOOL SWARTKOP

H/v Viking & Campbellweg Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137

Tel 012 654 1181 / 087 110 0191 Faks 086 560 1819

e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swarries.co.za

14 Junie 2018

OMSENBRIEF 19/2018

Geagte ouers

Hiermee die volgende vir u kennisname:

1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Die eksamen en die wintersport is iets van die verlede. 'n Woord van dank nie net aan die leerders wat gehelp het om die kwartaal 'n sukses te maak nie, maar ook aan u as ouers vir die aanmoediging. Graag bedank ek ook al die afrigters en onderwysers vir die ywer waarmee hulle met ons kinders gewerk het.

Ons vra die ouers om ons te ondersteun in die volgende sake:

Kommunikasie en sosiale media:

Die skool volg 'n oopdeurbeleid en u is dus welkom om ter enige tyd met my persoonlik of die personeel te skakel. Dit is egter net meer gerieflik as u 'n afspraak maak. Ek versoek u om u eerder daarvan te weerhou om die sosiale media (Facebook ens.) te gebruik om griewe en klagtes te lig. Ons verkies om met ouers persoonlik in aanraking te kom en enige probleme of klagtes te bespreek om die volle inligting te bekom. Ons vertrou dat u ook hiervoor begrip sal hê en dat hierdie veranderinge 'n positiewe uitwerking op die skoolkultuur tot gevolg sal hê.

Skoolveiligheid en toegangsbeheer:

Ons leerders se veiligheid is ons hoogste prioriteit en ons is genoodsaak om die toegang tot die skool beter te beheer. Die skooldag begin stiptelik om 7:30 vir leerders. Ons versoek u dus vriendelik om leerders nie laat by die skool te besorg nie, aangesien al die toegangshekke om 7:35 gesluit word en u dan slegs die hoofhek in Vikingweg kan gebruik om toegang te verkry. Indien daar 'n noodgeval is en u kind laat gaan wees, versoek ons u om die leerder persoonlik by hul onderwyser te besorg. Verder versoek ons u, as ouers, om aan die einde van die skooldag nie by die klasse of tussen die skoolgeboue vir u kind te wag nie. Dit bemoeilik die toegangsbeheer en ouers wat staan en gesels is soms steurend vir die onderwysers wat besig is met lesse.

Geen leerders of ouers mag die motorhek in Vikingweg gebruik om die skoolterrein binne te kom nie. Daardie hek is slegs vir gebruik van die personeel wat daar parkeer.

Al die skoolhekke in Vikingweg sowel as die klein hekkie in Campbellweg sal om 14:15 gesluit word weens veiligheidsredes. As u, u kind dus na 14:15 by die skool kom haal, sal u van die motorhek in Campbellweg gebruik moet maak, aangesien dit die enigste hek sal wees wat u toegang tot die skool sal verskaf. Alle persone wat na 14:15 sportaktiwiteite by die skool beoefen, sal ook van hierdie hek gebruik moet maak. Alle leerders wat na skool vir hulle ouers wag en nie by die skool se naskoolsentrum ingeskryf is, of buitemuurse aktiwiteite beoefen nie, sal in die gebied van die fietsloods vir hul ouers moet wag. Geen leerder sal op 'n ander plek op die skoolterrein toegelaat word nie. Ek vra om verskoning vir enige persoonlike ongerief wat hierdie reëlings vir u mag veroorsaak, maar ek is seker u sal saamstem dat die veiligheid van ons leerders en personeel ononderhandelbaar is.

Skoolgelde:

Ek versoek u om asseblief u verpligtinge in verband met skoolgeld na te kom. Ongelukkig kan swak betaling ernstige bedreiging vir die kwaliteit van onderwys by die skool inhou en kan dit die groei van die skool belemmer. Die beheerliggaam het 'n aantal maatreëls goedgekeur om te verseker dat alle gelde ge-in word. Indien u nie op datum is met u kind se skoolgeld nie, versoek ons u vriendelik om dit reg te stel.

Gee jou raad vir 'n wyse mens, en hy sal groter wysheid kry. Onderrig 'n regverdige, en sy kennis sal vermeerder. - Spreuke 9:9

2. 6-DAG ROOSTER en WEEKROGRAM (GR 4-7)

| Weeksdag | Rooster | Belangrikste gebeure vir die week |
|-------------------|---------|---|
| Maandag, 18 Junie | Dag 6 | Environmental Exhibit Gr 1-3, RMS Redenaars ENGELS (Tuis) |
| Dinsdag, 19de | Dag 1 | Environmental Exhibit Gr 4-5 |
| Woensdag, 20de | Dag 2 | Environmental Exhibit Gr 6-7 |
| Donderdag, 21de | Dag 3 | Ouerdag - Verslae Gr R-7 (13:45 tot 18:00) |
| Vrydag, 22ste | Dag 4 | Skool Sluit tot 17 Julie |

3. RMS KORE

Baie geluk aan die Junior- en Senior kore wat onderskeidelik 'n 4de plek (Junior Afdeling) en 2de plek (Senior afdeling) behaal het by die RMS kompetisie te Laerskool Oosterkruin.

4. TSHWANE JEUGKUNSTEFEEES

Baie geluk aan die volgende groepe wat deurgedring het om aan die Tshwane Jeugkunste fees by die Staatsteater te gaan deelneem:

Snr Revue: 4 September

Swarnallies: 4 September

Jnr Slagorkes: 5 September

Kaartjies vir die bogenoemde vertonings asook vir die Kaleidoscope Revue kompetisie van 14 Augustus, sal vanaf Dinsdag, 24 Julie tot Vrydag, 3 Augustus by die skool te koop wees (meer inligting volg later).

Kostes: Tshwane Jeugkunste fees R80 pp

Kaleidoscope R100 pp

5. VADERSDAGVERKOPE

Ons verkoop op Vrydag, 15 Junie Vadersdaggeskenkies ter ondersteuning van ons hokkie vir die jaar. U ondersteuning hierin sal baie waardeer word!

6. OUERDAG

Die leerders se verslae kan by die registerklasse afgehaal word op Donderdag, 21 Junie vanaf 13:45 tot 18:00.

Neem asb kennis dat geen verslag saam met 'n kind huistoe gestuur sal word nie, maar moet deur die ouers self afgehaal word.

7. OUERDAG - VERKOPE

Daar word heerlike worsbroodjies (R20 elk) en warm sjokolade (R10 elk) tydens die Ouerdag op Donderdag, 21 Junie verkoop. Dit is nie nodig om vooraf bestellings te plaas nie. Kom koop sommer u aandete vir die hele gesin, en ondersteun ons skoolgemeenskap so.

8. MERK VAN SKOOLKLERE

Aangesien die skoolklere baie duur is, en ons voortdurend ongemerkte verlore klere by die klerebank kry, bied ons u die geleentheid om u kind se naam op die skoolklere te laat borduur teen R20 per item. Vlootblou skoolserpe is ook beskikbaar vir die winter teen 'n bedrag van R50 per serp. Dit sluit die borduur van die kind se naam in. Indien u belangstel, voltooi asseblief die onderstaande skeurstrokie en stuur dit saam met die kledingstuk wat gemerk moet word en die korrekte bedrag na Mnr Braam du Plessis se klas na K2.

9. SWARRIE UITBLINKERS

Baie geluk aan die volgende leerders met hulle prestasies:

Mimi Heydenrych (Gr 1) wen 'n goue medalje met 'n gemiddeld van 8.8 tydens die Gauteng-Noord Gimnastiek kompetisie.

Jonathan Booyesen ontvang Gauteng-Noord kleure in Gimnastiek en neem deel op 15 en 16 Junie tydens die kampioenskappe.

Ethan Attree behaal 'n 1ste plek in die JKS karate kompetisie (Kumite).


Francelle de Kock (Gr 3) ontvang 'n silwer medalje vir Modern Jazz groep en Silwer vir solo-item tydens die Stage Quest Danskompetisie.

Johnny Harris, Carika Smit en Joeleen Harris wen trofee (1ste tot 3de plek onderskeidelik) tydens die A+ Students CMaths se jaarlikse streekskompetisie.

Ruben Meades wen 'n goue medalje by die Master West Karate Interklub kampioenskappe vir Taekwondo.

Suri & Nica Breytenbach behaal 'n 2de plek in die girls 7-8 Hip Hop en 3de plek vir Groep o/11 Hip Hop tydens die Battle of the Giants by Sun City.

Swarrie Groete



MNR M VAN DER MERWE
SKOOLHOOF

Merk / Bestel van Skoolklere

Naam en Van wat geborduur moet word: _____

Graad en klas: _____

Merk van klere (R20 per item)- Aantal items wat gemerk moet word (items hierby ingesluit) _____

Aantal serpe bestel (R50 elk) _____ Bedrag ingesluit _____

Naam van Ouer _____ Sel nr _____